


Rus en *die* Gesinsverband



SABBATMIDDAG

Lees vir Vandeeweek se Studie: *Gen. 34, Heb. 11:17-22, Deut. 4:29, 1 Joh. 3:1 en 2, Gen. 39, asook Ef. 6:1-13.*

Geheeteks: “Geliefdes, julle weet dit nou vooruit. Wees dus op julle hoede dat julle nie meegesleep word deur die dwaling van beginsellose mense en so van julle eie standvastigheid beroof word nie. Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Aan Hom behoort die heerlikheid, nou en tot in ewigheid! Amen” (2 Petrus 3:17 en 18, NAB).

Die jong man tuur in die verte. Uiteindelik sien hy hulle raak! Hy soek reeds dae lank na sy broers. Terwyl hy na hulle roep en al waiende nader gaan, word hy alles behalwe hartlik verwelkom. Sy broers is vreeslik nors.

Inderwaarheid wou hulle hom doodmaak. As dit nie vir Reuben was nie, was dit daardie dag neusie verby met hom én sy lewensverhaal. Reuben het egter sy moorddadige broers oortuig om eers vir Josef ’n bietjie te karnuffel en hom dan in ’n droë put te gooi. Later kom Juda met die blink plan vorendag om hom aan slawehandelaars wat daarlangs verbygegaan het, te verkoop, en op die koop toe geld te maak.

Wat ’n disfunksionele gesin!

Oor die meeste dinge in die lewe het jy ’n keuse, maar nie oor wie jou huismense is nie. Niemand is volmaak nie, en geeneen van ons is deel van ’n volmaakte gesin of het volmaakte gesinsbande nie. Party van ons is bevoorreg om ouers, broers en susters (en selfs ander familieledes) te hê wat God se liefde weerspieël. Baie mense moet met minder liefdevolle gesins- en familieledes tevrede wees. Gesins- en familiebande is boonop dikwels ingewikkeld. Dit veroorsaak pyn en rusteloosheid, met die verlede wat vreeslik swaar op ’n mens rus, met die gevolg dat jy op ander begin afpak.

Hoe kan ’n mens ook in dié sy van ’n mens se lewe in Christus rus vind? Vandeeweek bekyk ons die verhaal van Josef en die band tussen hom en sy gesinslede; ten einde te sien hoedat God, ten spyte van gesinsdisfunksie, genesing en emosionele rus bring.

**Studeer vandeeweek se les vir Sabbat die 7e Augustus.*

Gesinsdisfunksie

Gesinsdisfunksie is iets wat Josef eerstehands ervaar het. Dit het reeds by Abraham en Sara – m.a.w. by sy betoorgrootouers (oftewel sy grootjies) – begin. Toe Sara agterkom dat sy onvrugbaar is, oorreed sy vir Abraham om 'n kind by haar diensmeisie, Hagar, te hê. Die oomblik toe dié swanger raak, was daar egter onmin in die huis. Dit was binne dié gespanne atmosfeer wat Ismael en Isak grootgeword het, 'n spanning wat hulle ook in hul eie gesinne voortgesit is. Isak het opsetlik vir Esau voorgetrek, en Jakob het sy hele lewe lank probeer om sy pa se liefde en agting te verwerf. Later word Jakob om die bos gelei sodat hy met twee susters wat nie met mekaar oor die weg kom nie, trou. Dié twee vroue het voortdurend gekompeteer om te sien wie die eerste kinders sou hê, en het selfs hul diensmeisies nader gehark om vir Jakob kinders te gee.

Bekyk weer die voorval wat in Genesis 34 beskryf word. Watter soort impak het al dié gebeure op die psige en interpersoonlike bande binne die gesinseenheid gehad, en spesifiek ook op die jonge Josef?

Die tweestryd tussen die moeders het duidelik ook die kinders se houding beïnvloed, met die gevolg dat die seuns ook strydlistig was. Teen die tyd dat hulle jong volwassenes was, het Josef se ouer broers alreeds al die mans in die dorpie Sigem om die lewe gebring. Die oudste, Reuben, het vir sy bejaarde pa probeer wys wie baas is deur by Bilha te slaap, Ragel se diensmeisie en die moeder van 'n hele paar van Jakob se kinders (*Gen. 35:22*). Josef se ander broer, Juda, het weer sy skoondogter (wat 'n weduwee was) vir 'n prostituut aangesien. So het hy dan 'n tweeling by haar verwek (*hfst. 38*).

In dié gespanne situasie het Jakob toe olie op die vuur gegooi: hy trek ooglopend vir Josef voor deur vir hom 'n peperduur, veelkleurige mantel te koop (*Gen. 37:3*). Wanneer dit by disfunksie kom, kon dié patriarg se gesin duidelik by ander kers vashou.

Hoekom dink jy word Abraham, Isak en Jakob in Hebreërs 11:17-22 as geloofshelde aangegee, inaggenome hoe deurmekaar hul gesinsleuens was?

Gemeet aan hemelse en persoonlike maatstawwe skiet God se geloofshelde dikwels vêr te kort. Hierdie persone wat in Hebreërs 11 genoem word, het nie die paal gehaal vanweë hul deurmekaar gesinsleuens nie, maar ten spyte daarvan. Geloof, liefde, vertroue in God – dié dinge het hulle dikwels op die harde manier geleer, terwyl het met gesinsprobleme gespook het.

Watter soort gesinsdisfunksie het jy geërf? 'n Mens kan nie die verlede verander nie, maar wel die hede ter wille van die toekoms. Hoe kan jy daardie afbrekende patrone verbreek, deur jousef aan Christus en sy manier van doen oor te gee?

Kies 'n Nuwe Koers

Josef neem die pyn, ingewikkelde mensverhoudings en angs saam met hom op pad na Egipteland, waar hy as 'n slaaf verkoop sou word. Hierdie was beslis nie 'n luilekker wegbreek nie. Hy moes die trane voortdurend afsluk en teen wanhoop baklei.

“Intussen was Josef en sy gevangenes op pad na Egipte. Terwyl die karavaan suidwaarts na die Kanaänitiese grens beweeg, sien die [arme] seun die heuwels waar sy pa se tente staan, doer in die verte. In sy uur van verlatenheid en nood dink hy aan sy liefdevolle pa, en bars in trane uit. Josef dink weer aan die ontmoeting tussen hom en sy broers in Dotan. In sy geestesoog sien hy hulle – ontstoke, hul woede tasbaar. Die skerp woorde en beledigings wat hulle hom toesnou terwyl hy benoud om genade soebaat, weerklink nog in sy ore. Beangs dink hy aan die toekoms. Josef se lot het in 'n ommesientjie drasties verander – van die seun wat tederlik gekoester is tot 'n hulpelose slaaf! Hy is stoksielalleen en sonder 'n enkele vriend – watter lot sou hom daar in die vreemde te beurt val? So gee Josef hom dan 'n tyd lank aan onbeheerste smart en vrees oor...

“Uiteindelik wend hy sy gedagtes tot die God van sy ouerhuis. Van kindsbeen af het hy geleer om Hom te vrees en lief te hê. Hy het dikwels in sy pa se tente sit en luister na die storie oor Jakob – die ontheemde vlugteling – en die visioen wat hy gehad het... Al daardie kosbare lesse was skielik helder in sy gedagtes. Josef het hom gelowige voorgeneem dat die God van sy pa ook syne sou wees. *Net daar gee hy homself ten volle aan die Here, en bid dat die Beskermer van Israel, hier in die vreemde, met hom in sy ballingskap sou wees*” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 213 en 214, klem verskaf).

Party kulture beklemtoon die rol van die gemeenskap bo dié van die individu, en ander weer die rol van die individu bo dié van die gemeenskap. Hoewel 'n mens 'n balans tussen dié twee standpunte in die Bybel vind, het gelowiges duidelik 'n oproep tot persoonlike en gesamentlike toewyding aan God. Josef begin om rus in sy interpersoonlike verhoudings te vind deur die persoonlike besluit om God te volg.

Wat Wat leer ons uit die volgende teksverse oor persoonlike toewyding? (*Deut. 4:29, Jos. 24:15, 1 Kron. 16:11, Ps. 14:2, Spr. 8:10 en Jes. 55:6*).

Ten einde rus te vind, moet elkeen van ons afsonderlik kies om die Here te volg. Hierdie geloof en geestelikeid is nie geneties-oordraagbaar nie – selfs al was ons voorgangers geloofsreuse. Onthou net: die Here het net kinders, en nie kleinkinders nie.

Hoekom is dit so belangrik om elke dag (en selfs elke oomblik) te kies om 'n mens self aan die Here te wy? Wat gebeur as jy dit nie doen nie?

Om Ware Eiewaarde te Vind

Indien Josef heimlik op ontsnapping en 'n terugkeer na sy ouerhuis gehoop het, het dit met sy aankoms in Egipte aan skerwe gelê. Hy is immers weer verkoop, dié keer aan die huishouding van 'n gesiene persoon. Ons lees in Genesis 39 vers 1: “Potifar, 'n hofdienaar van Farao, die owerste van die lyfwag, 'n Egiptiese man, het hom gekoop uit die hand van die Ismaeliete wat hom daarheen afgebring het” (OAB). Hy bevind hom plotselings in 'n vreemde taal en kultuur.

'n Mens se gesinslewe en die hegte interpersoonlike bande wat jy het, speel 'n deurslaggewende rol in die ontwikkeling van die eiewaarde wat jy uiteindelik het. Josef het grootgeword met die idee dat hy meer spesiaal as die ander was. Hy was immers die oudste seun van Jakob se mees geliefde vrou (*Gen. 29:18*). Voorts was hy sy pa se witbroodjie en die enigste seun met 'n veelkleurige mantel (*Gen. 37:3 en 4*).

Wie was Josef egter nou? 'n Slaaf – iemand wat sommer net verkoop en gekoop kon word. Kyk net hoe vinnig het die hele situasie verander. Kyk net hoe vinnig het die lewe, oënskynlik, teen hom gedraai.

Josef leer inderdaad 'n les wat almal van ons een of ander tyd moet leer: as jy op andere vir jou eiewaarde staatmaak, gaan die lewe jou lelik trap en vreeslik verward hê, aangesien party mense beslis nie jou menswees of jou persoonlikheid gaan waardeer nie. 'n Mens moet liewers jou eiewaarde in God vind. Die vraag is: wat dink God van my, en nie: wat is my stand in dié wêreld nie.

Hoe sien die Here elkeen van ons? (*Jes. 43:1, Mal. 3:17, Joh. 1:2, hfst. 15:15, Rom. 8:14, asook 1 Joh. 3:1 en 2*.)

Die Here kyk met 'n genade-getinte bril na ons. Hy sien potensiaal, skoonheid en talent waar ons dit nie sou kon indink nie. Uiteindelik was Hy bereid om vir ons te sterwe sodat ons die geleentheid het om alles te wees waarvoor God ons geskep het. Hoewel Hy ons sondigheid aan ons toon, asook die groot prys wat ons bevryding daaruit Hom gekos het, toon die kruis ons ook ons groot waarde, asook die waarde wat ons vir God het. Ongeag wat andere van ons dink of wat ons van onself dink, God het ons lief en wil ons graag verlos – nie net van die houvas wat sonde nou op ons het nie, maar ook van die ewige dood wat daardie sonde bring.

Die groot vraag is en bly: hoe reageer ons op die werklikheid van God se liefde soos dit in Jesus Christus geopenbaar is?

Baie groepe en individue sê dat ons onself voetstoots moet liefhê, sonder enige kritiek. Hoekom is dit inderwaarheid 'n soort selfmisleiding? Hoekom behoort ons eiewaarde van buite die mens te kom, van die een wat ons geskep het en wat ons ware potensiaal ken?

Mensverhoudings op God se Manier

Aanvanklik neem Josef se Egiptiese ballingskap 'n positiewe wending. Hy plaas sy lewe ten volle in God se hande en word ryklik geseën. So behaal hy dan onverwags suksesse in Potifar se huishouding.

In watter praktiese opsigte is die Here se seëninge sigbaar in Josef se lewe? Hoe gaan dit met Josef se interpersoonlike verhoudings? Lees Genesis 39:1-6.

Alhoewel Josef oënskynlik baie goed met Potifar oor die weg kom, en sy interaksies met die huispersoneel en die plaasarbeiders sonder voorval verloop, is 'n nare probleem besig om kop uit te steek. Iemand in die Potifar-huishouding is rusteloos.

Watter verhoudingsprobleem staar Josef hier in die gesig? Hoe besluit hy om dit te hanteer? Lees Genesis 39:7-10.

Josef het 'n probleem met Potifar se vrou – of liewers: *Potifar se vrou het 'n probleem*. Sy sien ander mense as voorwerpe wat gemanipuleer en gebruik kan word. Sy wil Josef gebruik. “Josef was fris gebou en mooi,” sê die Bybel in Genesis 39 vers 6 (NAB). Die Bybel verwys selde na mense se fisieke voorkoms. Die rede hiervoor? “Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike” (1 Sam. 16:7, NKJV). Hier is Josef se aantreklikheid nie juis veel van 'n aanwinst nie, maar klaarblyklik 'n struikelblok in sy strewe na reinheid en die getroue navolging van God se beginsels.

Ten spyte van dié bouse vrou se knaende teistering, doen Josef iets wat op die oog af teenproduktief is. Hy gebruik die Bybel as rigsnoer vir al sy mensverhoudings — in dié geval vir sy interaksies met Potifar se vrou. Bybelse beginsels vir mensverhoudings is nie oudmodies nie. Enigeen wat al die gevolge van sonde moes dra (en dit is almal) kan hiervan getuig.

Die Skrif sê vir ons dat hierdie versoeking hom nie net een maal voorgedoen het nie. Potifar se vrou het herhaaldelik by Josef aangelê (Gen. 39:10). Josef het probeer om die redes vir sy verset te verduidelik (Gen. 39:8, 9), maar al sy pogings was vergeefs.

Josef besef dat hy nie beheer oor ander se keuses het nie. Hy besluit egter om te lewe, lief te hê, en ander op so 'n manier te behandel dat dit tot eer van die Here sal wees. Josef het geleer om sy lewe in God se teenwoordigheid te lei. Met hierdie insigte was hy in staat om versoekings teë te staan.

Het jy al probeer om bybelbeginsels vir jou interpersoonlike verhoudings te volg, selfs vir diegene wat “nie volgens die reëls speel nie?” Het dit toe uitgewerk? Lees Matteus 5:43-48. Hoekom is dit belangrik om op dié manier te leef?

Die Groot Stryd, 'n Persoonlike Belewens

Soos ons reeds weet, trek Josef vanweë sy beginselvastheid aan die kortste end in dié verhaal (*Gen. 39:11-20*). So beland hy toe in die tronk. As sy besitting kon Potifar vir Josef net daar om die lewe gebring het, sonder dat iemand 'n ooglid verroer het. Potifar het duidelik nie sy vrou se aantygings geglo nie, maar doen noodgedwonge drastiese stappe ten einde sy reputasie te skerm. Wat 'n skokkende toedrag van sake! Nietemin “was die Here by hom” (*Gen. 39:21, NAB*).

Die lewe is soms onregverdig. Die goeie word nie altyd beloon nie, en die kwaad word nie altyd onmiddellik gestraf nie. Tog is daar goeie nuus ook: selfs in die tronk beleef Josef innerlike rus omdat die Here by hom is. Hy kon so maklik behep geraak het met sy lot, hoe onregverdig sy ballingskap en tronkstraf was. Hy kon hom ook aan andere onttrek het. Boonop kon hy sy vertroue in God verloor het.

Wat doen Josef terwyl hy in die tronk is? Hoe vind hy aansluiting by die mense om? Lees Genesis 39:21 tot 40:22.

In die tronk werk Josef met sy omstandighede, en nie daarteen nie. Hy bou netwerke en help ander, selfs al verloop vriendskappe in die tronkmilieu nie altyd na wense nie. Dit is ook nie benede Josef om vir hulp te vra of sy kwesbaarheid te toon nie: nadat hy die skinker se droom uitlê het, gryp hy die geleentheid aan en vra vir hulp.

Paulus bied die leser 'n geheelperspektief aangaande mensverhoudinge in Efesiërs 6:1-13. Beskryf dit flussies.

Ons bande met andere is 'n weerkaatsing in die klein, van die groot stryd wat eeue lank reeds tussen God en Satan woed. Wat beteken dit? – dat daar *nie iets soos 'n volmaakte mensverhouding is nie*. Elke verhouding het bepaalde faktore wat dit laat groei. Wat meer is, Satan het 'n blywende belang by al ons mensverhoudings – veral dié met geliefdes – ten einde dit tot sy voordeel te gebruik, en hy doen dit om God se planne vir ons lewens te fnuik en in die wiele te ry. Ons behoort dankbaar te wees dat ons hierdie stryd om Godvresende verhoudings nie alleen hoef te stry nie. Die Bybel sit die beginsels vir regte mensverhoudings mooi uiteen. God se belofte om ons wysheid te skenk (*Jak. 1:5*), geld ook vir ons interpersoonlike verhoudings. Hy het Josef bygestaan. Net so belowe Hy om ons ook by te staan wanneer ons verhoudings uitdagend begin raak.

Bepens die Here se belofte in Jakobus 1:5 en bid dan vir die nodige wysheid vir jou interpersoonlike verhoudings. Hoe kan 'n mens, in jou doen en late met andere, ontvanklik vir die fluisterende Gees wees?

Stof tot Nadenke: Met betrekking tot Josef se terugslag met Potifar se vrou, skryf Ellen G. White: “Hier is nou ’n ware voorbeeld aan elke nuwe geslag... Ja, God help ons in ons nood, sy Gees is ons skild [teen die bose]. Al word ’n mens ook deur die grootste versoekings denkbaar omring, is daar ’n bron waaruit die gelowige krag kan put om daardie dinge teë te staan. Hoe fel was die aanslag op Josef se sedes net nie gewees nie – komende van ’n gesagsfiguur, van iemand wat so maklik andere tot ’n val kon bring! Tog weerstaan Josef dit vinnig en ferm... Hy plaas sy reputasie en belange [liewer] in God se hande. Al is dit so beskik dat hy ’n tyd lank moes ly, ter voorbereiding op ’n hoër en belangriker amp, het die Here nietemin Josef se naam wat deur ’n bose beskuldiger swartgesmeer is, beskerm. Daarna het die Here, op die aangewese tyd, vir Josef ’n hoër en belangrike naam gegee. Selfs sy tyd in die tronk het die Here as ’n verlossingsinstrument gebruik. Deugszaamheid lei op die lange duur tot beloning. ’n Vrees vir die lewende God – dít was die geestelike skild wat Josef beskerm het – en het hom getrou aan sy aardse meester en opreg voor sy hemelse Meester gehou. Om sy aardse meester se vertrou in hom te skend, was vir Josef ’n afskuwelike vorm van ondankbaarheid, selfs al sou daardie meester dit nooit agterkom nie” (Ellen G. White, *The Spirit of Prophecy*, vol. 1, bl. 132).

Besprekingspunte:

- ① Om bloot in ’n Christelike of Adventiste-huis groot te word, help ’n mens nie om rus in jou mensverhoudings te vind nie. Wat is die verskil tussen ’n gebore en ’n wedergebore Adventis?
- ② Suster so-en-so het pas by jul gemeente aangesluit, maar haar man is steeds ’n nie-gelowige. Sy is gaande oor haar man, maar hy is nie so gaande oor die veranderinge wat hy deesdae by haar bespeur nie. Wat sal jou Bybelse raad aan dié splinternuwe lidmaat wees?
- ③ Let op die woorde van die Russiese skrywer, Leo Tolstoy: “Alle gelukkige gesinne is dieselfde; elke ongelukkige gesin is op sy eie manier ongelukkig.” Alle gesinne het tot ’n mindere of meerdere mate met disfunksie te kampe omdat hulle uit sondaars bestaan, met elkeen wat sy/haar eie disfunksie by die gesinsdinamika voeg. Hoe kan elkeen van ons, deur genade van Bo, bybelbeginsels – soos liefde en vergifnis, en om mekaar se laste te dra – ultiem, om sodoende ’n bietjie heling aan ons gesinsverhouding te bring?
- ④ Baie mense het dit al beleef: dinge verloop klopdisseelboom in ’n mens se persoonlike lewe, ook in jou gesinslewe, en dan is daar skielik ’n tragedie. Hoekom is dit so geweldig belangrik om in tye soos dié vas te staan in die geloof en vas te klou aan die beloftes in die Woord van God? Hoekom behoort ’n mens geestelik gereed vir die slegte tye te wees, selfs wanneer dit goed gaan?